

GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

GEDRAGSKODE VIR LEERDERS - DEEL I

1. AGTERGROND

- 1.1 Ingevolge artikel 12 gelees met artikel 52 van die SA Skolewet 84/1996 (hierna genoem die Skolewet) is Hoërskool Ficksburg (hierna genoem "die skool") 'n openbare skool.
- 1.2 Ingevolge artikel 16 van die Skolewet, word die beheer van 'n skool in sy beheerliggaam gevestig.
- 1.3 Ingevolge artikel 8 van die Skolewet, gelees met enige ander relevante wetgewing, moet die Beheerliggaam 'n Gedragskode vir leerders na konsultasie met die leerders, hul ouers en die opvoeders van die skool aanvaar wat dan van toepassing sal wees op opvoeders en/of personeel en/of leerders en/of koshuisgangers van die Hoërskool Ficksburg
- 1.4 Ernstige wangedrag word ingevolge die Regulasies betreffende Dissiplinerings, Skorsing en Uitsetting van Leerders in Openbare Skole in die Vrystaat hanteer.

2. WOORDBEPALINGS

In hierdie Gedragskode, tensy dit uit die samehang anders blyk, bevat die volgende woorde die betekenis wat daarteenoor aangetoon word:

Beheerliggaam	-	beheerliggaam van die skool;
Kode van Regte en Pligte	-	die Kode van Regte en Pligte van die onderskeie belangegroep van die skool;
Skool	-	Hoërskool Ficksburg en kan ook skoolterrein en of koshuis insluit;
Koshuis	-	Huis van der Walt;
Skoolterrein	-	skoolterrein van die skool en/of die koshuis;
Skooleiendom	-	Hoërskool Ficksburg en Huis van der Walt.
Minister	-	die Nasionale en of Provinsiale Minister van Onderwys;
Departement	-	Nasionale Departement van Onderwys en of Vrystaat Onderwysdepartement;
Skoolhoof	-	die skoolhoof en/of waarnemende skoolhoof van die skool;
Opvoeder	-	enige opvoeder soos omskryf in die Skolewet en/of Vrystaatse Wet op Skoolonderwys 12 van 1997 en of amendamente;
Leerder	-	leerder soos omskryf in die Skolewet wat by die Hoërskool Ficksburg en of betrokke koshuis van die skool ingeskryf is;
Ouer	-	kan ook in relevante omstandighede gelees word as die voog en/of regsvertegenwoordiger van die leerder;
Algemene klasreëls	-	die reëls waarna in hierdie Gedragskode verwys word;
Pligtetaat	-	die pligtetaat van die VRL, waarna in 6.3 van Skedule A van deel II van hierdie Gedragskode verwys word;
Gedragskode vir die VRL	-	die gedragskode waarna in 6.1 van Skedule A van deel II van hierdie Gedragskode verwys word;
Dissiplinêre Komitee	-	die komitee bestaande uit nie-beheerliggaamslede en of beheerliggaamslede soos deur die Beheerliggaam aangewys
VRL	-	Verteenwoordigende Raad van Leerders
Ernstige wangedrag	-	In Gedragskode
Koshuisbewoners	-	Inwonende leerders asook dagstudente van die koshuise

3. HERSIENING VAN GEDRAGSKODE

Hierdie Gedragskode kan enige tyd deur die Beheerliggaam na konsultasie met die opvoeders, ouers en leerders van die skool gewysig word. Wysigings sal in werking tree wanneer dit deur die beheerliggaam aanvaar word.

4. INTERPRETASIE

Enige meningsverskil rakende die interpretasie van hierdie Gedragskode, moet ooreenkomstig die onderskeie toepaslike en relevante wetgewing en of 'n finale beslissing van die beheerliggaam hanteer word.

5. LEERDER GEBONDENHEID

Elke leerder van die skool is gebonde aan hierdie Gedragskode. Hierdie Gedragskode is 'n riglyn en daarom kan enige onaanvaarbare gedragsoptrede van 'n leerder wat nie hierin vervat is nie ook ooreenkomstig die dissiplinêre bepalings en of riglyne en of prosedures van hierdie Kode en of relevante wetgewing hanteer word.

6. KODE VAN REGTE EN PLIGTE

- 6.1. Die Kode van Regte en Pligte van die skool, soos hierin vervat moet saam met die Gedragskode gelees word.

- 6.2. Die Kode van Regte en Pligte sit die onderskeie regte en verpligtinge van die belangegroep van die skool uiteen en het die skepping van 'n klimaat van onderlinge respek, begrip en verdraagsaamheid tussen die verskillende groepe, ten doel in belang van vreedsame verhoudinge in 'n doelgerigte en dinamiese skool.

GEDRAGSKODE VIR LEERDERS DEEL II

SKEDULE A GEDRAGSREËLS

1. ALGEMENE REËLS

- 1.1. Die leerders sal te alle tye as goeie ambassadeurs van die skool optree.
- 1.2. Leerders sal hul vergewis van die Kode van Regte en Verpligtinge, synde deel van hierdie Gedragskode en sal ooreenkomstig laasgenoemde optree. Indien enige leerders om godsdienstige redes kwytskelding van enige reël wil hê, moet hulle skriftelik toestemming by die Beheerraad vra sodra hulle in die skool aanvaar is.
- 1.3. Leerders sal te alle tye met die nodige hoflikheid en respek teenoor die skoolhoof, opvoeders, ander personeel en medeleerders van die skool en of ander skole optree.
- 1.4. Leerders sal hul weerhou van opstandige gedrag.
- 1.5. Leerders is verplig om die skoolhoof, opvoeders, personeel en medeleerders te ondersteun in die daarstel en handhawing van goeie orde, asook die skep van 'n omgewing waarin die leer- en opvoedingsproses ongehinderd toegepas kan word. In besonder word van leerders verwag om enige redelike opdrag van die skoolhoof, opvoeder en lid van die VRL te gehoorsaam en onmiddellik uit te voer ten einde die oogmerk hierin genoem, te verwesenlik.
- 1.6. Leerders moet tydens hul interaksie met mekaar selfbeheersing toepas en wedersydse respek en verdraagsaamheid toon. In die besonder moet leerders hulle weerhou van enige gedrag wat daarop gemik is om die fisiese, geestelike en morele welstand van enige ander leerder te skend.
- 1.7. Hierdie gedragsreëls, waar relevant, is ook van toepassing op die koshuisinwoners.
- 1.8. Geen leerder van Hoërskool Ficksburg wie nie 'n inwoner van Huis van der Walt koshuis is, mag die perseel van Huis van der Walt sonder toestemming betree nie. Geen leerder van die skool mag enige kamer of woonstel van enige huurder, inwoner of werknemer van die beheerliggaam, werknemer van die departement van basiese onderwys of werknemer van Huis van der walt koshuis onder enige omstandighede binne gaan nie.

2. KLASREËLS

- 2.1. Klasreëls moet deur die skoolhoof en/of opvoeders en/of VRL in oorleg met die betrokke leerders geformuleer word.
- 2.2. Leerders moet die klasreëls gehoorsaam.

3. REËLS MET BETREKKING TOT VOORKOMS EN SKOOLDRAG

Indien enige leerder 'n geldige rede het waarom hulle klededrag / voorkoms nie aan die vereistes van die gedragskode voldoen nie, moet hulle direk na opening skriftelike toestemming van die graadhoof ontvang.

3.1 SEUNS

Seuns se hare moet te alle tye kort en netjies wees.

- (a) Seuns se hare moet van die oor en nek af egalig na die bokant van die kop weggeskeer wees. Die kuif en hare op die kop mag nie langer as 4 cm wees nie en die kuif moet 1 cm van die wenkbroue af wees as dit afgekam word. Seuns se hare mag nie hoër as 2cm van die kop af staan nie.
- (b) Hare om die ore moet skoon geknip wees. Die hare mag nie die ore of die hemp se kraag raak wanneer dit afgekam word nie.
- (c) Die nek moet bokant die kraag skoon geskeer wees.
- (d) Hare mag geen "wal" vorm nie - 'n "step" is ontoelaatbaar en geen "undercut" nie.
- (e) Hare mag nie uitermate van die kop wegstaan nie.
- (f) Geen vreemde haarstyle word toegelaat nie. (dit sluit in, maar is nie beperk nie tot geskeerde patrone/a-simmetriese haarstyle/"mo-hawks"/"mullets")
- (g) Geen onnatuurlike haarkleur word toegelaat nie.
- (h) Geen leerder mag op sy liggaam skryf nie.
- (i) Geen grimering mag gedra word nie.
- (j) Geen snorre of baarde mag gedra word nie (tensy spesiale toestemming van die BL gegee is)
- (k) Geen patrone mag in hare/wenkbroue gesny word nie.
- (l) Geen peroksied, kleurstrepe of gebleikte hare nie.
- (m) "Sideburns" mag nie verby die wangbeen gegroei word nie. Geen "mohawk"-haarstyl sal toegelaat word nie. Haarstyle moet gepas wees vir die geleentheid. Geen gevlegte ("plaiting") hare nie. Geen eksotiese style mag geskep word nie.
- (n) Die skoolhoof / manlike personeellid van die SMT sal bepaal wanneer dit nodig geag word dat 'n seun sy baard moet begin skeer.

- (o) Seuns wat reeds skeer, se gesig sal tydens alle skoolaktiwiteite skoon geskeer wees, dit sluit baarde en snorre in.
- (p) Geen gesig- en of oorjuwele, asook enige ander juwele mag tydens skoolfunksies, skooltoere of uitstappies by skoolklere gedra word nie.
- (q) Geen sigbare tatoeëring word toegelaat nie.
- (r) Kort, netjiese naels. (As daar van die palm se kant na die hand gekyk word, mag die nael nie oorsteek nie.)
- (s) Geen armbande, ringe (dit sluit horlosieringe in), juwele om die nek, horlosies met “charms” neusringe of -studs en tongringe of -studs mag gedra word nie.
- (t) “Dreadlocks” word nie toegelaat nie.

3.2 DOGTERS

3.2.1 Grimering

- a) Geen vorm van grimering mag deur leerders gedra word nie.
- b) “Lip gloss” mag slegs ‘n natuurlike kleur wees.

3.2.2 Naels

- (a) Kort, netjiese naels. (As daar van die palm se kant na die hand gekyk word, mag die nael nie oorsteek nie.)
- (b) Slegs kleurlose naellak mag gedra word.
- (c) Naels moet ‘n natuurlike voorkoms vertoon.
- (d) Geen Franse manikuur is toelaatbaar nie.

3.2.3 Hare

- a) Alle tipe knippies, rekke en haarbande mag slegs swart, wit of koningsblou/navy wees. Geen ander helder kleure word toegelaat nie. Slegs smal haarbande word toegelaat. Alle knippies moet klein wees. Met uitsondering van die skoolknippie.
- b) Reëls ten opsigte van lang hare:
 - ❖ Die hoogte van ‘n bolla/of enige ander haarstyl bo-op die leerder se kop, mag nie meer as 7cm vanaf die kopvel wegstaan nie. Die styl mag ook nie breër as die leerder se kop wees nie. Enige styl wat ‘n hindering of obstruksie veroorsaak vir leerders agter haar is, sal nie toegelaat word nie
 - ❖ Lang hare moet netjies vasgemaak wees.
- c) Geen blink of versierde haarknippies of haarbande word toegelaat nie. Met uitsondering van die skoolknippie.
- d) As hare aan die kraag raak MOET dit vasgemaak word.
- e) Lang kuiwe en slierte mag nie in die gesig, voor of agter ore hang nie. Dogters se kuiwe mag nie die wenkbroue raak nie.
- f) Hare mag geen peroksied of kleurstrepe in hê nie. Hare moet **een** kleur oor die hele kop in ‘n natuurlike kleur wees.
- g) Geen ‘dreadlocks’ sal toegelaat word nie.
- h) Geen ‘half op en half af’ haarstyle sal toegelaat word nie.
- i) ‘Braiding’ word toegelaat. ‘n Enkele ‘braid’ mag nie dikker as **5mm** wees nie.
- j) Hare met meer as 2 vlegsels/’braids’, wat aan die kraag raak of verby die kraag hang, MOET met ‘n rekkie/haarband vasgebind word.
- k) Geen nuwe haarstyle mag geskep word nie.
- l) Geen patrone mag in die hare gemaak word nie.
- m) Kort hare: Geen “bank”, “step” of “undercut” word toegelaat nie. Hare mag nie weg van die kop staan nie.
- (u) Geen vreemde haarstyle word toegelaat nie (dit sluit in, maar is nie beperk nie tot geskeerde patrone/a-simmetriese haarstyle/”mo-hawks”/”mulletts”). Dogters met kort hare se hare mag nie verder as 2cm bo hulle kopvel wees nie.

3.2.4 Juwele

- (a) Die enigste toelaatbare juwele is oorbelle wat aan die volgende vereistes moet voldoen:
 1. Slegs een per oor aan die onderkant van die oorlel.
 2. Slegs klein, smal, silwer/goue ringe of klein, ronde silwer/goue “studs” – geen kostuumjuwele of steentjies nie. Ringetjies moet dun wees en nie groter as ‘n 20c muntstuk nie.
- (b) Geen armbande, ringe (dit sluit horlosieringe in), juwele om die nek, horlosies met “charms”, neusringe of -studs en tongringe of -studs mag gedra word nie. Met uitsondering van die skool-oorbelle.
- (c) Geen sigbare tatoeëring word toegelaat nie.
- (d) Geen leerder mag op haar lyf skryf nie.

3.3 KLEREDRAG (leerders is onderhewig aan die gedragskode onder die geslag soos op die aansoekvorm)

a) Sokkies en Skoene

Standaard swart skoolskoene sonder ornamente of met 'n klein gespe is aanvaarbaar.

Veters/gespes moet vas wees. Wit omslaansokkies, sonder strepe in vir dogters en grys kouse vir die seuns.

'n Toestemmingsbrief moet verkry word om ander kouse te dra. Geen platformskoene word toegelaat nie.

Skoene moet van egte leer of kunsleer wees.

b) Dogtersrokke

Korrekte rokke is die blou en wit strepies rok soos by LA Clothing beskikbaar is. Dogtersrokke mag niks korter as 4 vingers bo die knie wees as dogters staan nie.

c) Dasse, hemde en trui

Blou en wit gestreepte dasse met 'n witkraag hemp. Geen inkstrepe of prentjies op die skooldasse word toegelaat nie. Lengte van geknoopte das is 30cm. Leerders se hemde mag nie uithang nie.

Dasse mag nie as swepe gebruik word of uitgerafel word nie.

Koningsblou skooltrui word **gedra** en mag nie om die lyf of nek gebind word nie.

Geen gekleurde T-hemde mag onder die hemde gedra word sonder 'n trui nie.

Seuns mag nie hulle hande in hulle broeksakke hou nie.

d) Oorpakke

Oorpakke moet die skool se blou wees – geen logo's of slagspreuke op oorpakke nie.

Oorpakke of stofjas is verpligtend vir die tegniese vakke.

Verbruikerstudie-leerders moet 'n voorskoot of stofjas of sjefbaadjie vir prakties aanskaf.

e) Sweetpakke

Slegs skoolsweetpakke word by sportgeleenthede toegelaat. Geen Drimac word toegelaat nie. Die blou sweetpakbroek is by LA Clothing beskikbaar en moet saam met die blou seilbaadjie of soft shell baadjie gedra word. Alle sportklere is by LA Clothing beskikbaar. Leerders wat aan sport deelneem MOET die korrekte uniform hê.

f) Serpe

Slegs (koningsblou) vir graad 8, 9, 10, 11 en 12. Matrieks mag ook 'n wit serp dra. Geen versierde serpe nie.

g) Beanies & Hoede

Slegs koningsblou 'beanies' mag gedurende wintermaande saam met skooldrag buitenshuis gedra word.

Enige ander beanie sal gekonfiskeer word.

Slegs skool "bucket" hoede en kepse mag slegs buite saam met skoolklere gedra word. Enige ander hoede sal gekonfiskeer word

h) Balkies

Een "scroll"/ Top 10-balkie / slegs goedgekeurde balkies mag gedra word. Slegs die huidige jaar se balkie is toelaatbaar.

i) Gordels (belde) en broeke : Seuns

Grys lang skoolbroeke soos beskikbaar by plaaslike klerewinkels is aanvaarbaar. Enige bruin/swart/grys gordel (beld) moet gedra word. Geen ornamente, klinknaels of versierde gespe op gordel nie. Geen lap/seil gordels is toelaatbaar nie.

j) Dae sonder skooldrag ("Civvy-dag")

Op die dag wanneer gewone drag toegelaat word, geld alle reëls i.v.m. hare, juwele, grimering ens. steeds. Dit is **slegs die skoolklere** wat met gewone klere vervang word. Gedurende geleenthede waar leerders toegelaat word om privaatklere te dra, moet leerders netjies en aanvaarbaar aangetrek wees. Stranddrag, noupassende klere, deurskynende klere en klere wat te veel "lyf" wys, is nie van pas nie. Hare, skoene en bybehore moet te alle tye netjies wees.

k) Skool-erekleurebalkies: GEEN leerder word toegelaat om 'n ander leerder se erekleurebalkie te dra nie. Indien dit blyk dat een leerder 'n ander se balkie dra / hul eie balkie aan iemand ander leen, sal hulle daardie balkie verloor en detensiepunte sal tot die leerder se rekord gevoeg word. Leerders word slegs toegelaat om balkies vir EEN jaar te dra nadat dit ontvang is.

4. SPORT- EN BUITEMUURSE AKTIWITEITE

4.1 Skoolverrykingsprogram

Betrokkenheid in die aktiwiteite van die skool se verrykingsprogram vorm 'n waardevolle en integrale deel van die opvoeding van elke leerder. Dit word van alle leerders verwag om aktief betrokke te wees by ten minste een (1) sportsoort/kulturele/diens/aktiwiteit wat die skool per kwartaal bied.

4.1.1 Van die leerder word verwag om te alle tye die regte optrede te toon.

4.1.2 As 'n leerder homself/haarself aan die aktiwiteit verbind, word van hom/haar verwag om aan die reëls en verpligtinge te voldoen.

4.1.3 Toerusting en klere moet in 'n geskikte sak gedra word.

4.1.4 Leerders wat wedstryde bywoon, moet die sportdag in skoolsportradag of volledige skooluniform bywoon.

4.1.5 Leerders moet gepaste sportradag na alle oefeninge dra.

4.2 Deelnemers aan sport

- 4.2.1 Leerders wat gekies word om die skool in enige sportaktiwiteit te verteenwoordig moet voor en na wedstryde in die volle sportdrag of volle skooldrag van die skool geklee wees.
- 4.2.2 Gedurende die winter- of somerseisoen word alle sportgeleenthede in volle winter- of somersdrag bygewoon.
- 4.2.3 Lojaliteit teenoor die skool en mede-deelnemers word van alle deelnemers aan sportaktiwiteite verwag. Deelnemers moet stiptelik aanmeld vir sportaktiwiteite. Indien 'n leerder nie aan die betrokke aktiwiteit gaan deelneem nie, moet dit vroegtydig aan die betrokke afrigter gerapporteer word. Indien die leerder sonder verskoning wegbly of nie die redes vir die afwesigheid aan die afrigter meedeel nie, kan die aangeleentheid na 'n dissiplinêre komitee verwys word.
Bywoning van oefeninge is verpligtend. As een oefening sonder geldige, skriftelike verskoning van ouers gemis word, kan dit lei tot skorsing van een interskool bepaling.
'n Leerder en/of ouer of voog wat verspilte koste as gevolg van dié verontagsaming van die vooraf verlangde kennisgewing aan die betrokke afrigter veroorsaak, kan vir die kostes verantwoordelik gehou word. Die skoolhoof sal bepaal of die gemelde verhaling van die verlore kostes moet plaasvind.
- 4.2.4 Daar word van deelnemers verwag om te alle tye hoflik op te tree en aan die beslissings, voorskrifte en opdragte van die volgende persone te voldoen:
- (a) die sporthoof en die opvoeder betrokke by die spesifieke sport;
 - (b) die skeidsregter of beoordelaar van die betrokke aktiwiteit;
 - (c) die spankaptein.
- 4.2.5 Alhoewel dit aanvaar word dat leerders wat aan sportaktiwiteite deelneem dit met oorgawe doen, word van sodanige leerders verwag om ten alle tye selfbeheersing en dissipline toe te pas. In die besonder mag leerders nie op 'n onsportiewe wyse optree nie, of vuil of beledigende taalgebruik of betrokke raak in gevegte of insidente of hulle skuldig maak aan vuil- of onbehoorlike spel van enige aard nie.
- 4.2.6 Geen verbode middels mag deur 'n leerder gebruik of ingeneem word nie. Leerders kan enige tyd versoek word om vir moontlike verbode middels getoets te word.
- 4.2.7 Geskikte uniform/toerusting sal tydens oefeninge gebruik word.
- 4.2.8 Tydens die wedstryd moet die korrekte toerusting/kleredrag gedra word.
- 4.2.9 As leerders betrokke is by 'n spesifieke aktiwiteit, word verwag dat die leerders die hele tydsduur van die aktiwiteit deel van die groep moet wees.

4.3 Toeskouers en ondersteuners van sport en ander buitemuurse aktiwiteite

- 4.3.1 Alle leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon, sal benewens die verpligting om die bepalings van hierdie Gedragskode na te kom, hulle weerhou van ontwrigtende, onbehoorlike, opstandige, onnodig opruiende, onbetaamlike gedrag of enige gedrag wat die waardigheid van die skool skend. In die besonder mag leerders nie negatief reageer op die beslissings van beoordelaars of skeidsregters nie.
- 4.3.2 Leerders wat enige skoolaktiwiteit bywoon, sal hulle onderwerp aan enige opdragte en aanwysings aan hulle gegee voor, tydens en na afloop van die betrokke aktiwiteit deur die skoolhoof, enige opvoeder, lid van die VRL of aangestelde ouer wat help met die vervoer, toesig of kontrole van leerders wat vervoer word na of van die betrokke aktiwiteit, of dit bywoon.
- 4.3.3 Leerders wat ander skole/dorpe besoek tydens weg wedstryde, moet in volledige skooluniform reis tensy ander reëlings getref is.
- 4.3.4 Alle leerders wat enige sport/skool aktiwiteit/funksie, tuis of weg, bywoon moet volledige skooluniform dra en sal gevra word om die aktiwiteit/funksie te verlaat as die korrekte/volledige uniform nie gedra word nie.

5. SKOOL- EN KOSHUISEIENDOM

- 5.1 "Skool- en koshuiseiendom" sluit die volgende in:
- 5.1.1 die grond en geboue deur die skool beset en enige permanente aanhegting aan sodanige grond en geboue
 - 5.1.2 plante en/of bome en/of diere,
 - 5.1.3 alle ander eiendom, insluitende toerusting, boeke, voorraad, motorvoertuie en dies meer, wat die skool as eiendom besit of as huurder besit of stoor, of ten opsigte waarvan die skool vir die beskadiging of verlies daarvan wetlik aanspreeklik gehou kan word,
 - 5.1.4 enige rekenaar/elektronies verwante aangeleenthede soos bv. dataverwante inligting, sagteware, rekenaarprogram, webwerf, ens.
- 5.2 Elke leerder is verplig om alles in sy/haar vermoë te doen om die skool se eiendom te bewaar, sodat dit gebruik kan word tot voordeel van alle huidige en toekomstige leerders van die skool.
- 5.3 Indien 'n leerder eiendom beskadig, sal die leerder en sy ouers aanspreeklik gehou word vir die vergoeding vir enige verlies van of skade aan sodanige eiendom.

- 5.3.1 Enige eiendom wat aan die sorg en kontrole van 'n leerder toevertrou word, moet aan die skool teruggegee word op die bestemde tyd en in dieselfde toestand as waarin dit was toe dit aan die leerder toevertrou is, billike gebruik en slytasie uitgesluit.
- 5.3.2 Geen leerder mag doelbewus of uit nalatigheid enige eiendom skend, beskadig, vernietig of verloor nie.
- 5.3.3 Geen leerder mag enige skool-eiendom van die skoolperseel verwyder sonder die vooraf toestemming van die skoolhoof of 'n opvoeder van die skool nie.
- 5.3.4 Leerders mag nie enige eiendom van die personeel van die skool, mede-leerders, besoekers aan die skool of lede van die publiek hanteer, beskadig, merk, skend of vernietig nie.
- 5.4 Geen rekenaar/elektroniesverwante toerusting van die skool mag onregmatig gebruik [bv. duplisering] en of binnegedring [bv. "kuberkraak"] word nie.
- 5.5 Die beskadiging en of verlies van enige eiendom van die skool moet onmiddellik deur die waarnemer daarvan en/of die skuldige daarvan aan die skoolhoof en/of 'n opvoeder gerapporteer word. Die versuim om sodanige optrede te rapporteer, is 'n baie ernstige oortreding.
- 5.6 Bogemelde reëls is van toepassing op alle eiendom wat op die skool- en koshuisterrein is.
- 5.7 Voertuie, gronde, geboue, toilette moet netjies/skoon gehou word en opgepas word.
- 5.8 Geen vandalisme sal geduld word nie.

6. VERTEENWOORDIGENDE RAAD VAN LEERDERS (VRL)

- 6.1 Daar is 'n gedragskode vir die VRL geformuleer. Die gedragskode vir die VRL is deel van hierdie Gedragskode en 'n afskrif daarvan moet aan elke lid van die VRL asook hul ouers voorsien word.
- 6.2 Elke leerder moet enige redelike opdrag van 'n lid van die VRL gehoorsaam en moet die VRL ondersteun en samewerking verleen in die behoorlike uitvoering van hul pligte.
- 6.3 Die skoolhoof, in samewerking met die personeel, VRL en Beheerliggaam, moet 'n pligtetaak vir die VRL formuleer, waarvan 'n afskrif aan elke lid van die VRL, hul ouers en alle leerders voorsien word. Die lede van die VRL moet die voorskrifte van hierdie pligtetaak nakom.
- 6.4 Leerders wat 60 detensiepunte of meer op sy rekord het, sal nie verkiesbaar wees vir die VRL nie.

7. SKOOLKENNISGEWINGS

Elke leerder is verplig om alle kennisgewings van die skool wat deur die Beheerliggaam en/of skoolhoof en/of 'n opvoeder aan hom/haar gegee is, spoedig aan sy/haar ouers oorhandig. Enige ontvangserkenning wat die ouers moet voltooi, moet spoedig en stiptelik aan die klasonderwyser gegee word. Ouers word aangemoedig om van die elektroniese media gebruik te maak.

8. SKOOL- EN HUISWERK

- 8.1 Elke leerder moet die huiswerk wat deur 'n opvoeder gegee is, stiptelik uitvoer. Indien daar 'n geldige rede is waarom die leerder sy/haar huiswerk nie kon doen nie, moet die ouer/voog spoedig 'n skriftelike nota met 'n aanvaarbare verduideliking vir die versuim aan die opvoeder oorhandig.
- 8.2 Die betrokke vakonderwyser kan dan die leerder onthef van die vereiste gemeld in paragraaf 8.1. hierbo.
- 8.3 Elke leerder moet sy/haar voorgeskrewe skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding doen om sodoende 'n deurlopende werksetiek te ontwikkel. Luiheid en 'n ooglopende versuim om aan hierdie reël te voldoen, sonder aanvaarbare verskoning, sal beskou word as 'n oortreding van hierdie reël.
- 8.4 Die gebruik van 'n skoolhuiswerkboekie is verpligtend. Ouers moet asseblief toesien dat elke leerder 'n huiswerkboek, waarin die daaglikse huiswerk aangeteken word, gebruik.
- 8.5 Die huiswerkboek moet elke dag by die skool wees. Indien dit verloor word, moet 'n nuwe een by die kantoor gekoop word. Jy mag nie iemand anders se dagboek gebruik nie.
- 8.6 Handboeke moet elke dag volgens jou rooster by die skool wees.

9. SKOOLRAPPORTE

Leerders moet hul skoolrapporte onmiddellik aan hul ouers/voogde oorhandig.

10. MOTORVOERTUIE EN MOTORFIETSE WAT LEERDERS OP DIE SKOOLTERREIN BESTUUR

10.1 Motors/Motorfietse en Fietse

Leerders wat voertuie op skoolgronde parkeer, moet toestemming kry en moet van aangeduide areas gebruik maak. Leerders sal slegs met 'n motor toegelaat word indien hulle in besit is van 'n wettige S.A. bestuurslisensie, waarvan 'n afskrif by die kantoor ingehandig moet word. Leerders wat met 'n motor/motorfiets skool toe ry, moet die sleutels voor skool by die kantoor inhandig. Leerders sal slegs met 'n gelisensiëerde voertuig of motorfiets toegelaat word. Fietse moet in die fietsloods toegesluit word. As leerders van skoolvervoer gebruik maak, bv. busse ens, mag leerders nie in die bus rondloop nie en die gedragsreëls geld ook in die voertuie.

- 10.2 Geen leerder mag 'n motorvoertuig of motorfiets op die skoolterrein op so 'n wyse bestuur dat dit 'n risiko of moontlike nadeel vir ander leerders inhou nie. 'n Snelheidsgrens van 20km/h geld op die skoolterrein.

11.1 STIPTELIKHEID

- 11.1.1 Die skooldag is versigtig beplan om die maksimum beskikbare tyd aan onderrig te bestee. Laatkommery veroorsaak ongewenste ontwrigting van die onderrigproses sowel as ander skoolaktiwiteite. Gevolglik moet leerders altyd op die bestemde tyd aan die begin van die skooldag en by die aanvang van enige ander skoolaktiwiteit opdaag .
- 11.1.2 Skooltyd: Alle leerders moet elke oggend voordat die skoolklok lui, op die terrein wees. Die skoolklok lui elke dag om 07:25, behalwe die eerste dag van die kwartaal wanneer dit om 08:00 begin.
- 11.1.3 Leerders wat laat vir skool is, sal 45 detensie punte by die hek teken wat op die leerder se rekord sal verskyn. In die geval van nood/onvoorsiene omstandighede moet die ouer/voog die kantoor op dieselfde dag kontak. Herhaaldelike oortreding sal tydelik skorsing tot gevolg hê waarop 'n formele verhoor sal volg indien die leerder vir 'n derde keer, sonder rede laat is.

11.2 AANTREE WANNEER DIE KLOK VIR SAALOPENING LUI

- 11.2.1 Die klok lui 07:25 aan die begin van die skooldag. Wanneer die klok lui, moet alle leerders dadelik by die aantreepunte bymekaarkom. Leerders wat na 07:25 by die skool aankom, sal toegang geweier word. Ouers moet die ingeval van krisis of nood die kantoor kontak.
- 11.2.2 Sodra die tweede klok om 07:30 lui, moet leerders reeds in hulle rye in klasverband staan en stil wees.
- 11.2.3 Die leerders stap ordelik en stil die saal binne.
- 11.2.4 Geen geluide of opmerkings mag tydens saalopening of enige funksie in die saal deur leerders gemaak word nie.
- 11.2.5 Elkeen gedra hom/haar ordelik vir die saalgeleentheid.
- 11.2.6 Leerders verdaag ordelik nadat die personeel die saal verlaat het.

12. AFWESIGHEID

- 12.1 Leerders mag slegs weens siekte of om 'n ander goeie rede van die skool afwesig wees 'n Leerder wat afwesig was, moet op die eerste dag na sy/haar afwesigheid 'n verduidelikende skrywe gedurende die eerste periode by die kantoor inhandig.
- 12.2 Indien Leerders dringend die skool moet verlaat, moet hulle skriftelik toestemming by die graadhoof kry. Daarna moet leerders by die kantoor uitteken nadat die ouer telefonies toestemming gegee het. Die leerders moet eers daarna by die administratiewe kantoor uitteken.
- 12.3 Geen leerder mag 'n ouer of iemand anders skakel om hom/haar gedurende skooltyd te kom haal voor die nodige toestemming vooraf van die kantoor verkry is nie. In bogenoemde geval moet die ouers persoonlik die leerder by die adminkantoor kom haal en uitteken.
- 12.4 Enige leerder wat sonder 'n aanvaarbare verskoning van die skool afwesig is, word geag stokkies te draai, wat streng verbode is. Die departementele amptenare kan in sekere gevalle versoek word om leerders by hul huise te gaan haal en skool toe te bring. Indien 'n leerder 'n toets skryf, sal hy/sy nul kry.
- 12.5 Indien leerders gedurende die skooldag afsprake moet nakom of deur die ouers gehaal moet word, moet hulle reeds aan die begin van die dag die versoek skriftelik by sy/haar graadhoof ingee. Hy/sy sal dan in hulle dagboek toestemming gee om by die kantoor in te gee om later die dag die skool te verlaat.
- 12.6 Gedurende klastyd moet leerders die handtekening van hulle vakonderwyser in hulle dagboek kry indien hulle die klas moet verlaat en die betrokke personeelid se kaart saamdra.
- 12.7 Indien 'n leerder afwesig is as gevolg van afsterwe, moet die hoof gespreek word.

13. OMGEWING

- 13.1 Leerders mag nie die skoolgrond of -geboue besoedel nie.
- 13.2 Geen leerder mag tydens skooltyd met enige persoon aan die buitekant van die skoolheining kommunikeer en/of item[s] aangee of ontvang nie.
- 13.3 Leerders wat toeskouers of ondersteuners by enige skoolaktiwiteit is, moet die terrein netjies en skoon agterlaat en moet seker maak dat alle rommel opgeruim en in vullishouers geplaas word.
- 13.4 Leerders moet toilette skoon agterlaat.
- 13.5 Enige optrede of versuim van leerders wat 'n gesondheidsrisiko vir ander leerders veroorsaak of moontlik kan veroorsaak, moet vermy word.
- 13.6 Leerders mag nie enige afvoerpyp of toilet met papier of ander voorwerpe verstop of 'n waterkraan ooplos nie.
- 13.7 Geen slagspreuke ("graffiti"), plakkers, plakkate of iets soortgelyks mag op enige oppervlakte by die skool aangebring word sonder die toestemming van die skoolhoof nie.
- 13.8 Geen leerder mag enige handelsadvertensies en/of propaganda en/of kennisgewing[s] wat die skool se eer kan skend/benadeel en/of iets soortgelyks op die skoolterrein of in die sosiale media versprei sonder die toestemming van die skoolhoof nie.
- 13.9 Leerders moet gehoor gee aan die redelike opdragte van die skoolhoof, enige opvoeder of lid van die VRL met betrekking tot die handhawing van 'n skoon en higiëniese skoolomgewing.

- 14. AFKONDIGINGS**
Wanneer afkondigings oor die interkom gedoen word, moet alle leerders stil wees en in hulle banke sit en luister wat gesê word. Alle afkondigings moet betyds deur die betrokke onderwyser by die kantoor ingehandig word.
- 15. BALSPEL**
Leerders mag nie met balle langs geboue of personeel se voertuie speel nie. Die bal sal gekonfiskeer word.
- 16. BESERING OF SIEKTE GEDURENDE SKOOLURE**
Indien 'n leerder beseer word, siek voel of 'n epileptiese aanval tydens skooltyd kry moet dit dadelik by die kantoor aangemeld word. Die leerder mag die skool slegs saam met die ouer of 'n gevolmagtigde persoon verlaat. 'n Noodhulpwerker moet gekontak word.
- 17. EET GEDURENDE KLASTYD**
Geen leerder mag eet, kougom kou of gedurende lesse iets drink nie. Die onderwyser mag die eet- of dringood konfiskeer.
- 18. ELETRIESE EN ELEKTRONIESE TOEBEHORE**
Geen leerder mag met enige oudio en of ander skakelaars, kragborde, elektriese en of elektroniese installasies, ligskakelaars en of interkomstelsels, rekenaartoerusting of digitale toerusting peuter nie.
- 19. BRANDSLANGE**
Geen leerder mag met die brandslange of brandblussers in en om die skool of koshuis peuter nie.
- 20. FIETSE**
- 20.1 Fietse mag slegs in die fietsloods of fietshokke gebêre word nie teen geboue staangemaak word nie.
 - 20.2 Leerders parkeer fietse op eie risiko by die skool. Ouers moet sorg dat leerders hulle fietse met behoorlike slotte toesluit.
 - 20.3 Fietsryers moet te alle tye die algemene padreëls gehoorsaam.
- 21. HANDBOEKE**
- 21.1 Leerders moet alle handboeke wat aan hulle uitgereik word behoorlik oortrek.
 - 21.2 Indien 'n leerder 'n boek verloor moet hy/sy die vervangingswaarde van daardie boek aan die finansiële beampte van die skool betaal en die kwitansie by die betrokke onderwyser inhandig. 'n Ander handboek sal dan uitgereik word.
 - 21.3 Leerders moet hulle name en die jaartal in PEN voor in die handboek skryf.
 - 21.4 Indien 'n leerder die skool verlaat sal die sekretaresse slegs 'n oorplasingertifikaat uitreik indien AL die handboeke teruggegee is.
 - 21.5 'n Onderwyser mag weier dat 'n leerder 'n handboek huis toe neem indien die leerder nie die regte skooltas het nie. Dit is elke leerder se verantwoordelikheid om elke dag sy boeke by die skool te hê. Indien 'n leerder nie sy/haar boek(e) by die skool het nie kan 'n witkaart van 15 punte gegee word.
- 22. KLASWISSELING**
- 22.1 Leerders moet reeds in hulle klasse wees met hulle boeke voor hulle teen die tyd dat die tweede klok lui.
 - 22.2 Leerders mag nie tydens klaswisseling raas nie en geen uitbundige lawaai sal geduld word nie.
 - 22.3 Hou links, veral naby trappe waar leerders maklik kan seerkry. Die trappe in die middel is die AF-trappe. Die trappe aan die kante van die gebou is die OP-trappe. Die trappe op die amfiteater is vir op en af. Leerders mag nie tydens klaswisseling skree, fluit of saamdrom nie.
- 23. TOILETTE**
- 23.1 Toilette moet netjies en skoon gehou word.
 - 23.2 Leerders mag nie in die toilette speel nie.
 - 23.3 Leerders van 'n spesifieke klas mag slegs een op 'n slag toilet toe gaan. Geen leerder word toegelaat om die 15 minute voor of na pouse toilet toe te gaan nie.
 - 23.4 Leerders mag nie in die toilette saamdrom nie.
 - 23.5 Toilette mag slegs gebruik word vir die doel waarvoor dit gemaak is.
 - 23.6 Geen leerder mag die klas verlaat sonder skriftelike toestemming van die onderwyser in die leerder se amptelike skooldagboek nie. Die leerder moet ook die betrokke onderwyser se amptelike badkamerkaartjie saamdra.
- 24. KOUGOM**
Geen kougom word op die skoolterrein toegelaat nie.

25. KLASKAMERS EN STOEPE

- 25.1 Geen leerder mag die klas verlaat sonder skriftelike toestemming van die onderwyser in die leerder se amptelike skooldagboek nie. Geen leerder mag voor skool, gedurende pouses of na skool in klaskamers of op die stoepe wees nie. Alles in die klaskamer of op die onderwyser se tafel moet uitgelos word. Leerders mag nie sonder die onderwyser se toestemming op die bord skryf of iets op die bord uitvee nie. Niemand mag op klasmure of stoepe skryf nie. Leerders word nie voor eksamens in die eksamenlokale toegelaat word nie.
- 25.2 Meubels – Leerders mag nie met Tipp-Ex, penne of enigiets anders op enige meubels skryf of teken nie.
- 25.3 Graffiti – Geen graffiti op vraestelle en handboeke nie.
- 25.4 Vensters / Ruite – Indien 'n leerder 'n ruit breek moet hy/sy dit dadelik aan die skoolhoof rapporteer. (Die betrokke leerder(s) sal vir die nuwe ruit betaal.)
- 25.5 Enige leerder wat die akademiese proses onderbreek of 'n situasie veroorsaak waar akademiese tyd van ander leerders ontnem word sal onmiddellik uit die klaskamer verwyder word. Ouers/voogde moet dan 'n vergadering met die skoolhoof hê alvorens die leerder weer tot die klaskamer toegelaat sal word.

26. ADMINISTRATIEWE BLOK

- 26.1 Geen leerder mag die adminkantore as 'n deurgang gebruik nie.
- 26.2 Leerders mag slegs deur die administratiewe kantore loop indien hulle op pad is om 'n sekretaresse te spreek of deur 'n onderwyser gestuur is. Hou links, veral naby trappe waar leerders maklik kan seerkry. Die trappe in die middel is AF-trappe. Die trappe in die hoeke / kante is OP-trappe. Die amfiteater is OP en Af-trappe. Leerders mag nie deur die saal stap op pad kantoor toe nie en mag ook nie die trappe by die kantoor gebruik nie.
- 26.3 Indien 'n leerder by die kantoor wag om gehelp te word mag hy/sy nie met ander staan en gesels nie.
- 26.4 Leerders moet ordelik in die administratiewe kantoor optree.

27. POUSE

- 27.1 Geen gevaarlike speletjies mag gespeel word nie.
- 27.2 Leerders mag nie naby voertuie speel nie.
- 27.3 Niks mag rondgegooi word nie (balle uitgesluit).
- 27.4 Geen leerder mag sonder die toestemming van die skoolhoof, adjunk-hoof of departementshoof die skoolterrein verlaat nie.
- 27.5 Geen fisiese kontak word tydens skoolure of in skooldrag toegelaat nie.
- 27.6 Leerders mag nie tydens pouses besoekers ontvang nie.
- 27.7 Leerders mag nie tydens pouses kontak met besoekers buite die skoolterrein maak nie.
- 27.8 Leerders mag nie op die terrein dobbel of privaat handeldryf nie.
- 27.9 Die volgende is verbode terrein: (Leerders wat op verbode terrein gevind word sal 15 detensiepunte kry.) Die stoepe agter die Verbruikerstudies-praktikum. By personeel se voertuie. Agter die sangklas (mnr. Hanekom se klas). Agter die voertuigstore. Die stoepe tussen die Verbruikerstudiesklasse is verbode tensy die leerder in een van die betrokke klasse klas het.

28. SELFONE EN ELEKTRONIESE TOESTELLE

- 28.1 Waardevolle persoonlike eiendom – Die skool is nie verantwoordelik vir skade of diefstal van persoonlike eiendom wat op die skoolterrein is nie. Selfone word toegelaat op **ei risiko** op die volgende voorwaarde: **Geen selfoon** mag gedurende die skooldag sigbaar wees nie. Leerders mag slegs 'n selfoon gedurende pouse gebruik. Dit moet gedurende en tussen periodes afgeskakel wees. Indien 'n leerder gedurende klastyd met 'n selfoon gesien word, of die selfoon lui/boodskap ontvang, sal die selfoon gekonfiskeer word en die wettige ouer/voog sal die selfoon by die kantoor moet uitteken. Dit sluit toesigperiodes in.
- 28.2 GEEN oorfone of 'I-pods' word toegelaat nie en mag glad nie sigbaar wees nie. Oorfone en/of i-pods sal gekonfiskeer word en die wettige ouer/voog sal dit by die kantoor moet uitteken.

29. SKOOLTASSE

Blou of swart skooltas met afskortings is aanvaarbaar. Rugsakke en ander sakke word nie toegelaat nie, tensy dit die skooltas is wat in 'n rugsak verander kan word. Skooltas mag nie versier word of graffiti op hê nie. Indien dit nie 'n standaard skooltas is nie moet dit deur die kantoor goedgekeur word. Leerders wie nie die regte skooltas het nie, sal huistoe gestuur word.

30. TENNIS- EN NETBALBANE

Leerders mag slegs met die voorgeskrewe skoene op die tennis- en netbalbane speel.

31. OP- EN AFLAAI VAN LEERDERS

Leerders moet buite die hoofhek op- en afgelaai word. Geen parkering voor die ingang nie.

32. **DETENSIE**

Detensie begin op 'n Woensdag stiptelik om 14:15. Leerders mag nie gedurende Detensie rondhardloop nie. Leerders mag slegs skoolwerk doen of voorgeskrewe boeke lees. Detensie mag verleng word indien leerders dit ontwrig.

33. **DIE VOLGENDE IS VERBODE OP DIE SKOOLTERREIN OF WANNEER LEERDERS OP TOERE OF UITSTAPPIES IS WAAR HULLE DIE SKOOL VERTEENWOORDIG**

Die onderstaande is ernstige voorvalle van wangedrag en kan lei tot skorsing of uitsetting:

- 33.1 Om in besit te wees van 'n gevaarlike voorwerp of dit te gebruik.
- 33.2 Om in besit te wees (of was) van alkoholiese drank of onwettige dwelms, om dit te gebruik, te verkoop of te versprei.
- 33.3 'n Daad van afknouery, aanranding, diefstal, brandstigting of kwaadwillige beskadiging van eiendom te pleeg.
- 33.4 'n Daad van gruwelike ongehoorsaamheid, godslastering, satanisme of immorele gedrag te pleeg of te beoefen.
- 33.5 Haatspraak uiter of hom / haarself skuldig maak aan rassisme, seksisme, seksuele teistering, om in besit te wees, verspreiding of die maak van pornografiese materiaal en of deelneem aan enige daad van openbare onsedelikheid.
- 33.6 Die veiligheid van mede-leerders of opvoeders in gevaar stel of bedreig, die skoolprogram ontwrig of die regte van ander skend.
- 33.7 Homself of haarself valslik identifiseer, bewustelik en opsetlik valse inligting verskaf of dokumentasie vervals om onbillike voordeel te verkry.
- 33.8 Herhaaldelik skuldig bevind is aan oortredings van die leerdergedragskode;
- 33.9 Homself of haarself, volgens die mening van die Beheerliggaam, op 'n skandelige, onvanpaste of onbetaamlike wyse gedra.
- 33.10 Die gebruik of wys van ongewenste vingertaal.
- 33.11 Enige seksuele en/of verbandhoudende oortreding en/of handeling met of sonder die toestemming van die slagoffer.
- 33.12 Disrespekvolle, afkeurenswaardige gedrag en beledigende taal teenoor personeel of mede-leerders.
- 33.13 Viktimisasie van mede-leerders.
- 33.14 Oortreding van eksamenreëls.
- 33.15 Ernstige bedreiging, ontwrigting of frustrasie van die leer- en onderrigproses in die klas.
- 33.16 Beplan en/of deelneem aan 'n sameswering/aanhitsing/aanstigting om die behoorlike funksionering van die skool te ontwrig deur middel van kollektiewe optrede, soos byvoorbeeld dreunsang.
- 33.17 Klasbywoning boikot.
- 33.18 Belastering en/of aantasting van die waardigheid van 'n opvoerder en/of nie-opvoerder en/of medeleerder.
- 33.19 Versuim om aan enige strafmaatreël, wat weens 'n oortreding van hierdie Gedragskode opgelê is, te voldoen.
- 33.20 Enige gedrag wat in die diskresie van die skoolbestuur die goeie naam en etos van die Hoërskool Ficksburg skade kan berokken.
- 33.21 Die poging tot en/of begunstiging tot en/of die sameswering tot en/of uitlokking tot pleeg van enige oortreding in hierdie Gedragskode en/of 'n oortreding wat nie hierin vervat is nie, maar volgens die Beheerliggaam as 'n oortreding geag moet word, is ook strafbaar en die sanksie wat opgelê sal word, sal wees asof die leerder die volle oortreding gepleeg het.

34. **PAARTJIES**

- 34.1 Geen vryery en/of handjiesvashou word op die skoolterrein of in skooluniform toegelaat nie. Geen handevashou of vry in skooluniform in die dorp/straat/koshuis nie.
- 34.2 Geen fisiese kontak en/of romantiese verhouding tussen 'n leerder van die skool en 'n werknemer van die Department van Onderwys of die beheerliggaam van Hoërskool Ficksburg word toegelaat nie.

35. **SOSIALE MEDIA**

35.1 Filosofie:

Die skool is verbind tot die hoogste gedrag- en etiekstandaarde en sy sukses berus op integriteit in alle skoolaangeleenthede. Die skool besef dat ontluikende aanlyn-samewerking besig is om die manier waarop individue en organisasies kommunikeer te verander, en dat sosialemediaplatforms 'n groot deel van mense se lewens gedurende sowel as na skooltyd uitmaak. Daarom moedig die skool etiese en verantwoordelike skakeling op alle sosialemediaplatforms aan.

35.2 Verbode aktiwiteite en/of gedrag:

- 35.2.1 Leerders mag nie inligting sirkuleer wat as rassisties, afbrekend, seksisties of pornografies gesien

kan word nie. Dit is growwe wangedrag. Rassistiese opmerkings is nie slegs neerhalend nie maar lei ook tot wrywing tussen mense.

35.2.2 Neerhalende uitlatings:

Leerders mag nie neerhalende en aanstootlike boodskappe oor die skool, sy personeel of leerders publiseer of versprei nie. Leerders mag nie deelneem aan kommunikasie wat die skool in gedrang kan bring nie en het die verantwoordelikheid om hulle aanlyn kommunikasie to te bestuur dat dit hulle in staat stel om met objektiwiteit en integriteit teenoor die skool sowel as ander leerders op te tree. 'n Oortreder kan daaraan skuldig bevind word dat hy/sy die skool se naam oneer aangedoen het, wat tot dissiplinêre optrede of regsaksie vir laster kan lei;

35.2.3 Leerders mag nie mediaplatforms of aanlynplatforms op enige manier gebruik wat tot vertrouensbreuk met die skool mag lei nie.

35.3 Leerders en ouers behoort daarop te let dat die skool van tyd tot tyd foto's op sosialemediatuistes deel wat gedurende amptelike skoolaktiwiteite geneem is. Mense kan dan ge-“tag” word. Gebruikers van hierdie tuistes word aangeraai om hul sekuriteitstellings na te gaan indien hulle publikasies waarin hulle ge-‘tag’ is, wil hersien. Leerders en ouers word aangeraai om ander gebruikers se toegang tot hul profiele te blokkeer indien hulle nie sodanige ander gebruikers ken of met hulle geassosieer wil word nie.

Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid of aanspreeklikheid vir swak sekuriteitstellings op die sosialemediaprofiel van enige persoon wat aan die skool verbonde is nie.

35.4 Indien enige leerder of ouer 'n opmerking, foto of video op enige sosialemediaplatform publiseer wat die skool se naam kan skade doen, en 'n verbintenis met die skool is bekend of word geïdentifiseer of aanvaar, sal sodanige leerder of ouer onderworpe wees aan dissiplinêre aksies. Regstappe kan ook gedoen word teen 'n ouer wat die skool se naam in gedrang bring.

DEEL II


SKEDULE B

KATEGORIEË VAN OORTREDINGS- EN STRAFMAATREËLS

1. INLEIDING

Daar is **vier kategorieë oortredings** wat van minder ernstig tot ernstig gaan.

Hierdie dien slegs as riglyn. Die oortreding kan onder enige kategorie val volgens die diskresie van die betrokke onderwyser, SBS, SBL of skoolhoof. Die dissiplinêre stappe wat geneem mag word en die onderskeie prosedures wat gevolg word is onder die diskresie van die Skoolbestuur. Indien enige oortreding begaan word wat nie in hierdie gedragskode genoem word nie is dit vir die skoolhoof om te bepaal onder watter kategorie die oortreding val en wat die straf is wat gegee moet word. Pogings tot bevoordeling en/of pogings tot wangedrag en/of oorreding tot wangedrag wat nie in hierdie gedragskode vervat word nie mag ook deur die Beheerliggaam as wangedrag gesien word en dienooreenkomstig gestraf word.



RIGLYNE :

WITKAART (15)	Onderwyser hanteer
BLOUKAART (15)	Onderwyser hanteer
GROENKAART (45)	Verwys na departementshoof van die graad

GEELKAART (90)	Dissiplinehoof en departementshoof hanteer. Ouers word gekontak en gevra om die skool te besoek. . Rook - Bel Gedrag - Ouer moet die skool besoek
ROOIKAART (180)	Na adjunk-hoof wat dan met die hoof skakel Interne verhoor (met of sonder die Beheerraad) Kan na Beheerraad verwys word
PUNTE	REGSTELLEDE STAPPE
30	Departemeshoof van die graad voer op 'n Maandag gedurende die saalperiode 'n informele gesprek met die leerders nadat die detensielys vir die week gelees is.
45	Die departemeshoof vir die graad kontak die ouers / voogde van die leerder telefonies of via WhatsApp of e-pos.
60	Die departemeshoof vir die graad voer 'n informele gesprek met die leerder en kontak die leerder se ouers / voogde weer telefonies, via WhatsApp of e-pos en stuur 'n dissiplinebrief aan die ouers saam met die leerder sowel as elektronies, per WhatsApp en e-pos.
90	Departemeshoof vir die graad belê 'n vergadering met die leerder en sy/haar ouers. <ul style="list-style-type: none"> • Gedurende hierdie vergadering sal die vakonderwysers se verslae met die leerder en sy ouers bespreek word. • 'n Notule sal van die vergadering gehou word. • 'n Intervensieplan sal in samewerking met die ouers / voogde en leerder opgestel word. • Die geval sal na die SGOS (SBST) verwys word indien nodig.
120	Die departemeshoof vir die graad rapporteer aan die dissiplinehoof en 'n informele vergadering word tussen die dissiplinehoof, die leerder en sy of haar ouers belê. 'n Lid van die SGOS (SBST) sal ook die vergadering bywoon.
150	Informele verhoor word gehou <ul style="list-style-type: none"> • Die leerder, sy ouers / voogde, departemeshoof van die graad, dissiplinehoof, skoolhoof of adjunk-hoof is teenwoordig. • Straf en voorwaardes word aan die leerder gestel. • Die Skoolbeheerliggaam word ingelig.
180	Formele interne verhoor vind plaas. Distriksbestuurder word ingelig.
	Formele Skoolbeheerliggaam-verhoor vind plaas.

2. KATEGORIE 1- WITKAART

Word deur die klasonderwyser/vakonderwyser/afripter hanteer. Sodra die leerder 3 oortredings began het, word die eerste witkaart uitgeskrif – die datums vir die waarskuwings moet op die kaart aangetoon ord, m.a.w. die onderwyser moet deeglike kontrole hou van die waarskuwings. Die witkaart moet volledig voltooi word en dit dan in die dissipline-hokkie van die DH geplaas word. Die DH sal dit kantoor toe stuur. Die kantoor sal met die ouer kommunikeer. Die kantoor sal dit dan op die elektroniese stelsel invoer.

2.1 KATEGORIE 1 – OORTREDINGS

- * Laat vir klas
- * Huiswerk onvoltooid of nie gedoen nie
- * Gesels gedurende onderrig
- * Taak nie betyds nie
- * Eet, drink, kou in klas
- * Vergeet boeke tuis
- * Gesels tydens buite-opening/saalbyeenkoms
- * Onordelike gedrag op stoepe tydens perioderuiling
- * Onwettige balspele
- * Swak gedrag op pawiljoen/dreunsang/vuil liedjies
- * Onbevredegende voorkoms

2.2 TUGSTAPPE – WITKAART

- * Detensie – 5 punte per oortreding

- * Taak nie betyds – sien Assesseringsbeleid
- * Leerder moet voorkoms binne 1 dag regkry
- * Leerder verwyder onwettige items en dit word vir die res van die kwartaal in die kantoor gestoor .
- * Grimmering/baard/naels moet onmiddelik verwyder word
- * Ontneming van pouses
- * Neem by onwettige balspele die bal vir `n kwartaal af.
- * Een week om korrekte skooldrag aan te skaf

3. KATEGORIE 2 – BLOUKAART

`n Bloukaart moet deur die onderwyser voltooi word.

3.1 KATEGORIE 2 - OORTREDINGS

- * Laat vir skool
- * Onordelike gedrag op stoepe tydens perioderuiling
- * Tasse wegsteek
- * Kwetsende opmerkings
- * Rommelstrooi in klas of op terrein/sportterrein
- * Betree verbode terrain
- * Gesels/ontwrigtend tydens afkondigings
- * Onbevredigende voorkoms – soos vermeld in gedragskode
- * Gedragsprobleme tydens funksies
- * Bemorsing van kleedkamers
- * Ignoreer spesifieke instruksies
- * Gereeld laat vir skool, klas en ander aktiwiteite
- * Verkeerde toesig
- * Huiswerk gereeld onvoltooid of nie gedoen nie
- * Ontwrig klas en ander aktiwiteite
- * Taak nie betyds na waarskuwings nie
- * Eet, drink en kou in klas na waarskuwings
- * Selfoon lui in klas
- * Laat vir detensie
- * Verkeerde skooltas (moet afskortings he wat boeke netjies hou)
- * Oorfone dra terwyl jy badkamer toe gaan og tussen klasse beweeg
- * Geen sigbare poging van leerder om betyds vir klas te wees nie (van toepassing wanneer leerder laat vir klas opdaag)
- * Verkeerde skooldrag/gewone drag by die skool, aktiwiteite of funksies tuis of weg.
- * Weier om 'n verkeerde mus/hoed/sonbril te oorhandig wanneer onderwyser dit konfiskeer omdat dit verkeerd saam met skooldrag voor, of na skool gedra word .

3.2 TUGSTAPPE – BLOUKAART

- * Detensie (15 punte)
- * Kan gevra word om sportterrein/funksie/pawiljoen/aktiwiteit te verlaat.
- * Kan klas skoonmaak
- * Kan terrein skoonmaak
- * Opvoedkundige gesprek

4. KATEGORIE 3 – GROENKAART

`n Groenkaart moet deur die onderwyser voltooi word.

4.1 KATEGORIE 3 – OORTREDINGS (45 PUNTE)

- * Herhaalde onordelike gedrag tydens perioderuiling
- * Voortdurende kwetsende opmerkings
- * Herhaalde onsportiewe gedrag
- * Gereeld gedurende pouses buite afgebakende gebied
- * Ernstige, herhaaldelike gedragsprobleme op enige terrain
- * Vloektaal: klas, stoepe, terrein, sportterrein, in skooldrag
- * Toeskouer by bakleiry
- * In teenwoordigheid van rokers
- * Gedragsprobleme tydens funksies
- * Fisiese kontak op skoolterrein

- * Zero-tolerance voorkoms
- * Vertel leuens tydens ondervraging
- * Gebruik van selfoon tydens klas / word gesien sonder toestemming (insluitend slimtoestelle)
- * Bunk klas/detensie
- * Uitdaging van gesag (onderwyser/prefekte)
- * Weier om detensievorm te teken
- * Reageer nie op billike straf nie
- * Ontwrig klas/groepwerk gereeld

4.2 TUGSTAPPE – GROENKAART

- * Detensie (45 punte)
- * Kommunikasie tussen leerder, onderwyser, DH en adjunkhoof moet plaasvind.
- * Berading (indien nodig) moet deur die LSEN onderwyser gereël word
- * Gevolge vir verdere oortredings moet volledig uitgespel word
- * Sportdeelname/deelname aan aktiwiteite kan opgeskort word
- * Inperking van eksamenverlof
- * Skoonmaak van klasse
- * Ekstra huiswerk

5. KATEGORIE 4 – GEELKAART

ˆn Geelkaart word volledig deur die onderwyser voltooi.

5.1 KATEGORIE 4 – OORTREDINGS (90 PUNTE)

- * In besit van sigarette/rook op skoolterrein of in skooldrag
- * Afwesig van skool sonder toestemming
- * Verlaat skoolterrein sonder toestemming
- * Ernstige wangedrag tydens wedstryde/funksies/aktiwiteite
- * Wangedrag by skool
- * Oneerlik in toets/eksamen/take
- * Beskadiging van eiendom
- * Enige vorm van bedrog
- * Teenwoordig waar dwelms gebruik word
- * Voer nie straf behoorlik uit nie
- * Voltooi nie individuele gedragsontwikkelingsprogram nie
- * Volgehoue ontwrigting van die onderrigleerproses – na herhaaldelike strafmaatreëls
- * Minagting van straf
- * Uitdaging van gesag
- * Die aan- en afskakel van elektroniese skoolleidendom, inbraak by skoolleidendom of stelsels, enige vorm van elektroniese inmenging
- * Weghardloop van ˆn onderwyser
- * Vloek/onvanpaste taal/lastering verbaal of fisies

5.2 TUGSTAPPE – GEELKAART

- * Detensie (90 punte)
- * Leerder kan vir berading verwys word
- * Individuele gedragsplan moet opgestel word
- * **VOORREGTE** kan weggeneem word totdat gedragsplan suksesvol voltooi word
- * Terreindiens & inperking van eksamenverlof – detensie in bloktyd
- VOORREGTE BIED TOEGANG TOT:**
- * Kleurbyeenkoms
- * Alle sportwedstryde
- * Enige kultuuraanbiedinge
- * Alle sokkies by die skool
- * Enige geesgeleenthede (bv. Skool se verjaardag)
- * Alle toergeleenthede
- * Alle funksies by die skool
- * Alle onderrig- en leeraktiwiteite
- * Die dra van kleuretoekennings

6. KATEGORIE 5 – ROOIKAAART

Twee geelkaarte = Rooikaart

- * Kategorie 4-tugvorm word volledig deur die onderwyser voltooi.
- * Word op die elektroniese stelsel ingevoer.
- * Ouer moet skriftelik van die oortreding(s) in kennis gestel word.
- * Die saak word deur die skoolhoof hanteer of direk na die tribunaal van die Beheerliggaam verwys.
- * Ouer moet volgens die wet t.o.v. 'n dissiplinêre verhoor minstens 7 dae voor die verhoordatum skriftelik ingelig word.
- * Waar daar bewerings is dat die optrede van 'n leerder beskou kan word as ernstige wangedrag moet die bewering onder die aandag van die skoolhoof gebring word, wat -
- * ondersoek moet instel of moet sorg dat ondersoek ingestel word om te bepaal of daar gronde bestaan vir 'n dissiplinêre verhoor
- * moet besluit of daar genoegsame getuienis is om dissiplinêre prosedures teen die leerder ten opsigte van die ernstige misdryf in te stel

6.1. KATEGORIE 5 – OORTREDINGS

- * Ernstige wangedrag kan die volgende insluit:
- * 'n Daad van afknouery, aanranding, diefstal, brandstigting, of kwaadwillige beskadiging van eiendom pleeg
- * Enige vorm van opsetlike afknouery. Dit sluit enige skade in wat fisies, verbaal of op sosiale media veroorsaak word van een leerder na 'n ander leerder of onderwyser.
- * 'n Daad van gruwelike ongehoorsaamheid pleeg of immorele gedrag openbaar.
- * In besit wees of gebruik maak van enige ongemagtigte afskrif van 'n toets- of eksamen vraestel, of kul, versprei, uitruil, omkoop of poog om enige persoon om te koop ten opsigte van enige toets of eksamen, met die doel om sodoende sigself of enige ander persoon in die posisie plaas om 'n onbillike voordeel te verkry.
- * Haatspraak gebruik, homself of haarself skuldig maak aan rassisme, seksisme, seksuele teistering, in besit is van pornografiese materiaal versprei of deelneem aan enige daad van openbare onsedelikheid.
- * Die veiligheid van mede-leerders of opvoeders in gevaar stel of bedreig, die skoolprogram ontwig of die regte van ander skend.
- * Enige vorm van intimidasie teenoor 'n onderwyser/leerder.
- * Homself of haarself valslik identifiseer, bewustelik en opsetlik valse inligting verskaf of dokumentasie vervals om onbillike voordeel by 'n skool te verkry.
- * Herhaaldelik skuldig bevind aan die oortreding van die gedragskode.
- * Oortreding van die prefekgedragskode deur 'n VRL of matriekkomiteelid.
- * Homself of haarself, volgens die mening van die Beheerliggaam, op 'n skandelige, onvanpaste of onbetaamlike wyse gedra.
- * Opsetlike saakbeskadiging/ernstige vandalisme
- * Bendebedrywighede
- * Enige oortreding waarvan oneerlikheid 'n element is tot die oortreding.
- * Enige seksuele en/of verbandhoudende oortreding en of handeling met of sonder die toestemming van die slagoffer.
- * Satanisme
- * Betrokke in 'n bakleiery.
- * Ernstige en gereelde ontwigting van skoolroetine.
- * Snuif van gom/petrol, ens.
- * Om onder die invloed van 'n middel te wees, of die vermoede om onder die invloed van 'n middel te wees.
- * Die pleeg en/of skuldigbevinding van 'n kriminele oortreding – binne of buite die skool.
- * Enige sosiale media-oortreding. Enige sosiale media plasing/boodskap/tag wat met die skool geassosieer kan word sonder die toestemming van die skool.
- * Verontagsaming van die skool se strafstelsel - Skorsing vir oorblywende punte. Een dag per 100 punte of deel daarvan.
- * Die handeldryf of verkoop van goedere sonder die skool se toestemming.
- * Doelbewuste verontagsaming van 'n interne interdikooreenkoms.
- * Nie voldoen aan eise en voorwaardes wat tydens vorige verhoor gestel is nie.

6.2. TUGSTAPPE – ROOIKAAART

INTERNE VERHOOR: Sal deur die Bestuurspan hanteer word.

EKSTERNE VERHOOR: Die eksterne tugverhoor sal deur die dissiplinêre komitee van die Beheerliggaam hanteer word.

DIE VOLGENDE STRAWWE KAN DEUR DIE DISSIPLINÊRE KOMITEE OPGELÊ WORD:

- * **VOORREGTE** kan wegeneem word totdat gedragsplan/straf afgehandel is.
- * Die dissiplinêre komitee het die reg om die volgende strawwe uit te deel, gebaseer op die erns van die oortreding, die intensie, ook die getuienis wat gelewer word.
- * Skorsing wat tot uitsetting kan lei.
- * **“Skorsing”** die tydelike verbod op `n leerder se bywoning van `n skool in terme van die relevante wetgewing;
- * **“Uitsetting”** die permanente verbod op `n leerder se bywoning van die skool waarby hy of sy ingeskryf was, deur die Departementshoof, nadat die proses in terme van die relevante wetgewing gevolg is.
- * Skoolterreindiens vir `n termyn.
- * Berading
- * Detensie
- * Opskorting vir oorblywende punte. Een dag per 100 punte of deel daarvan in die geval van 'n leerder wat die skool se strafstelsel verontagsaam.
- * In die geval van afknouery kan die leerder gevra word om 'n interdikooreenkoms te onderteken.
- * Leerder sal huis toe gestuur word indien daar enige vermoede bestaan dat 'n leerder onder die invloed van 'n middel is of kan wees volgens die tekens en simptome soos aangedui in kennisgewing 1140 van die Staatskoerant van 19 September 2008.
- * Indien 'n leerder nie aan die bepalings voldoen wat in 'n verhoor gestel is nie, kan 'n ander verhoor geskeduleer word waar die strafstappe bepaal sal word.
- * Stroping van VRL/matriekkomiteetitel indien 'n lid van hierdie groepe hul spesifieke beleid of die gedragskode van die skool oortree.